

Logos Gemeente van Christus

Elkeen wat kan hoor, moet luister – daar is ‘n oorwinningsprys!

Op 2:12-17, 3:7-13

24 Mei 2020

In vorige preke het ons gesien die Verheerlikte Seun van die Mens is besorgd oor die gemeentes – Hy weeg die toestand in elke gemeente aan die hand van sekere kriteria. Die kriteria sluit in: die kennis in die gemeente, die dae wat in die gemeente plaasvind, die liefde in die harte van die gemeentelide, asook of daar volharding en groei is in elk van die vorige kriteria. In sommige gemeentes het Hy net prysenswaardige dinge gevind, en dan moedig Hy hulle aan om te volhard. In sommige gemeentes het Hy slegs tekortkominge gevind, en in hierdie gevalle het Hy hulle dringend opgeroep tot bekering. In die ander gemeentes was daar beide prysenswaardige asook teleurstellende aspekte, en Hy roep hulle op om te bekeer waar nodig. Natuurlik moet hulle ook steeds volhard in die goeie dinge.

Maar hoe jy ook al na al sewe die gemeentes kyk, kan jy nie anders nie as om die indruk te kry dat dit ‘n gestoei is in die gemeentes. Ironies genoeg: die wat die minste stoei, is die wat nie verstaan dat hulle sake het waarvoor hulle dringend behoort te stoei nie. Die res stoei met sake soos sonde, dwaalleer, harte wat nie so liefdevol is as wat hulle al was nie; en as hulle nie hiermee stoei nie, stoei hulle met lyding wat hulle moet verduur. ‘n Mens dink onwillekeurig aan daardie stelling van Johannes in Op 1:9 – Gelowiges deel in die verdrukking en die koninkryk en die volharding. Maar hoekom? Hoekom moet dit so swaar wees? Hoekom kan die kerk, wat Christus se liggaam is, nie ‘n makliker pad loop nie? Immers is daar baie kerke in ons tyd wat ‘n baie meer rooskleurige prentjie skets vir gemeentes – voorspoed en oorwinning al die pad. Het ons nie dalk die kat aan die stert beet nie? Ek hoop vandag se preek sal lig hierop laat val.

Teen die einde van elk van die sewe briewe word daar telkens twee stellings gemaak: “Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê” (bv. Op 2:17, 3:13), en “Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek...” (bv. Op 2:17, 3:12) gevolg deur ‘n beskrywing van ‘n belofte aan die oorwinnaars. Die detail van die belofte verskil van gemeente tot gemeente. Ek wil vandag stilstaan by hierdie twee stellings onder die tema: “Elkeen wat kan hoor, moet luister – daar is ‘n oorwinningsprys!”. Ons gaan dit oordink onder die volgende hoofpunte:

- Wat beteken: “Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê”?
- Hoe lyk die oorwinningsprys? (Ons gaan dit net gedeeltelik antwoord soos wat dit uit die briewe aan Pergamum en Filadelfia duidelik word.)
- Is die gestoei in gemeentes nodig, en die moeite werd?

Wat beteken: “Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê”?

Om hierdie stelling werklik te waardeer, moet ons na ‘n paar ander gedeeltes vroeër in die Bybel blaai:

- Jes 6:1-13
 - In hierdie verse sien Jesaja ‘n visioen van die Here wat op die troon sit, en serafs wat die Here se heiligheid besing. Hy word oorweldig deur sy eie onheiligheid, maar een van die serafs raak sy mond aan met ‘n gloeiende kool vanaf die altaar. Die Here vra dan wie kan Hy stuur om die volk te gaan konfronteer, en Jesaja bied aan hy is bereid.

- In vers 9-10 lees ons wat die boodskap is wat Jesaja na die volk moet neem. Hy moet vir hulle vertel hulle sal hoor en hoor en nie verstaan nie, trouens die boodskap van Jesaja gaan bydra daartoe dat hulle net eenvoudig nie die boodskap sal verstaan nie.
- En tog is daar in vers 13 die belofte van God dat daar 'n stomp sal oorbly wanneer die Here hulle gaan straf. Hierdie stomp is die gewyde geslag.
- Jer 5:1-21
 - In vers 1 rig God die uitdaging om te gaan kyk of daar iemand in Jerusalem is wat doen wat reg is.
 - In verse 4-5 vind Jeremia dis nie net die volk self wat dwaas is nie, dit sluit ook hulle leiers in.
 - In verse 15-17 volg die belofte van God dat hulle in ballingskap weggevoer sal word, maar in vers 18 beloof God tog ook dat dit nie hulle einde sal beteken nie – weereens die gedagte van 'n oorblyfsel wat gespaar sal word.
 - Lees nou vers 21: Hier is die probleem – die volk het oë en ore, maar hulle sien en verstaan doodeenvoudig nie waaroor dit gaan nie.
- Eseg 12:1-16
 - In vers 2 waarsku die Here weer dat die volk weerbarstig is deurdat oë en ore het, maar doodeenvoudig nie verstaan waaroor dit gaan nie.
 - In vers 3 en verder moet Esegïël 'n rolspel doen oor wat hy sal saam vat as hy in ballingskap vertrek, om daardeur die volk te waarsku dat hulle ook in ballingskap sal gaan.
 - En tog is daar weereens die belofte van 'n oorblyfsel in vers 16.
- Mat 13:10-17
 - In vers 10 vra die dissipels vir Jesus hoekom Hy die mense leer d.m.v. gelykenisse.
 - In vers 13 verduidelik Jesus dat die rede hiervoor is omdat die volk kyk maar nie sien nie, en hoor maar nie verstaan nie.
 - Vers 15 maak dit duidelik dat hulle verstand afgestomp is, en daarom druk hulle hulle ore en oë toe, en gevolglik kan hulle nie verstaan wat Jesus vir hulle sê nie.
 - Vers 16 maak duidelik dat dit in beginsel anders is met Jesus se dissipels – hulle is bevoorreg om oop oë en ore te mag hê, en daarom kan hulle Jesus en die gelykenisse snap.

Kom ons dink nou oor daardie stelling in Openbaring. Jesus se stelling is dat almal wat kan hoor, moet werklik luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Wie in die gemeentes behoort te hoor? Wel, hopelik is dit almal wat meeleeft met wat in die gemeente gebeur. Maar dit lyk tog of daar die moontlikheid is dat almal nie noodwendig hoor nie. Nog meer ernstig is dat dit nodig is vir Jesus om te moet sê, hoor is nie voldoende nie – gemeentelêde moet werklik luister! Wat Jesus teen waarsku is dat nie almal in die gemeente noodwendig hoor wat bv gepreek word nie, en dat daar selfs persone kan wees wat dit hoor, maar wat nie luister en snap nie. Dink daaroor:

- In Ou Testamentiese tyd van Jesaja, Jeremia en Esegïël was daar onder God se uitverkore volk, persone wat gekyk en gehoor het, maar nie gesien en geluister het nie.
- In Jesus se tyd was daar lede van die Joodse volk wat gekyk en gehoor het, maar nie gesien en geluister het nie.
- In Johannes se tyd in die sewe gemeentes was daar ook mense in die gemeentes wat of nie gehoor het nie, of nie geluister het nie. Jesus wys dit uit sodat die gemeentes bewus moet wees dat nie almal doen met dit waarmee hulle gekonfronteer word, wat hulle behoort te

doen nie. Jesus vind dit selfs nodig om in die briewe aan die twee model gemeentes, Smirna en Filadelfia, hierdie stelling in te sluit!

Ons sal naïef wees as ons dink dit is anders in ons gemeente. Daar kan mense in ons midde wees wat of nie hoor nie (bv hulle neem nie deel aan gemeente aktiwiteite nie), en onder die wat dit hoor, kan daar diegene wees wat nie luister nie – die wie se lewens nie voortdurende groei en volharding toon nie.

Kan jy begin verstaan hoekom gemeentes gereeld gekonfronteer moet word om seker te maak dit gebeur nie in hulle midde nie? Kan jy sien dat Jakobus se lering dat beproewings aanleiding gee tot volharding ook in gemeentes waar is? Kan jy begin verstaan hoekom dit so tipies is dat gemeentes stoei?

Hoe lyk die oorwinningsprys?

Daar is egter nog 'n stelling wat Jesus maak in elke brief wat ons in gedagte moet hou. Teen die einde van elke brief sê Jesus ook: “Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek ...”, en dan volg daar verskillende aspekte in die verskillende briewe van wat Jesus aan hierdie oorwinnaars sal gee. Kom ek maak eers 'n paar algemene opmerkings hieroor:

- In sommige briewe sê Jesus eers “Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê”, en daarna “Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek ...”, en in ander briewe is die volgorde omgekeerd. Dit laat dus die indruk dat hierdie twee stellings altwee belangrik is om van kennis te neem.
- In die stelling “Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek ...” is daar weer die onderliggende waarskuwing dat hierdie oorwinning waarvan gepraat word nie noodwendig geld vir almal in die gemeente nie. Anders sou Jesus tog gesê het: “Aan julle wat die oorwinning behaal, sal Ek ...”. Die sekerheid wat Jesus onderstreep is tussen die wat die oorwinning behaal en die daaropvolgende belofte. Die sekerheid is nie dat almal wat deel van die gemeente is, die oorwinning sal behaal, en daarom ook die daaropvolgende belofte ontvang nie. Dit is dus in lyn met die waarskuwing “Elkeen wat kan hoor (almal in die gemeente), moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê (nie noodwendig almal in die gemeente nie)”.
- Van watter oorwinning praat Jesus telkens in hierdie stelling? Kom ons gaan terug na Jak 1. Daar het ons 'n paar weke gelede gesien dat beproewings aanleiding gee tot volharding, en as die volharding end-uit volgehou word, lei dit tot geestelike rypheid sonder enige tekortkoming (vs 4) en op die ou end tot die ontvangs van die kroon van die lewe (vs 12, OAV) wat die Here belof het aan die wat Hom liefhet. Kyk nou ook na Op 2:10b-11 na die slot van die brief aan Smirna. Hulle word opgeroep om getrou te bly tot die dood toe, en dan sal Jesus aan hulle die kroon van die lewe gee – en dit beteken dat die tweede dood hulle nie sal tref nie. Wat Jesus dus bedoel as Hy verwys na “elkeen wat die oorwinning behaal”, is alle gelowiges wat volhard tot die dood toe, letterlik hulle fisiese dood toe, en wat dan die ewige lewe ontvang. Die verskillende aspekte wat Jesus dus noem in hierdie stellings aan die einde van elke brief is dus verskillende aspekte van die ewige lewe wat ons ontvang in die hiernamaals. Dit is dus 'n beskrywing van ons erfenis, oftewel van die oorwinningsprys (Jak 1:12, NAV).

Kom ons kyk nou na wat die inhoud is van wat Jesus belof om te gee aan die oorwinnaars. Ek gaan die oordenking hiervan beperk tot die belofte wat in die briewe aan Pergamum en Filadelfia genoem

word. Jy kan gerus na die ander briewe se beloftes ook gaan kyk. Ons kyk eers na die belofte in die brief aan Pergamum:

- Pergamum:
 - Die eerste belofte van Jesus is dat Hy aan hulle van die verborge manna sal gee. Lees Joh 6:32-36. Volgens vers 32-33, het die volk destyds van God brood uit die hemel ontvang terwyl hulle deur die woestyn getrek het. Maar, sê Jesus, daar is nou beter brood as dit, oftewel die ware brood: Dit is Hyself wat uit die hemel gekom het en aan die wêreld die lewe kan gee. Volgens 35, voed hierdie ware brood werklik effektief. Dit moet dus beteken dat Jesus in die Pergamum brief bedoel dat die oorwinnaars deel sal kry aan Hom. Maar is dit nie nou al waar nie, ons hoef tog nie te wag tot by die oorwinning voor ons van die brood van die lewe mag eet nie? Ja, dis sekerlik so. Maar onthou, ons sien steeds maar gedeeltelik in hierdie lewe. 1 Joh 3 leer dat ons met die wederkoms Jesus sal sien soos Hy werklik is. Daar is aspekte van Jesus en Sy werk wat ons dan sal sien en begryp wat nou nog verborge is. Ja, ons honger word nou al versadig, maar daar is 'n honger wat ons nou nie eers van bewus is nie, wat dan steeds volmaak bevredig sal wees as Hom in Sy heerlijkheid sien. Dis hoekom hierdie manna verborge is.
 - Die tweede belofte aan die oorwinners is 'n wit klippie met 'n nuwe naam daarop wat net die ontvanger sal ken. Wat beteken dit?
 - Wit: Hoekom is die klippie wit? Wit het telkens die betekenis van heiligheid en geregtigheid in Openbaring. Kyk maar na Op 3:4 waar onbesoedelde klere wit is.
 - Klippie: Hoekom is dit 'n wit klippie? Kommentatore verwys tipies daarna dat daar destyds die praktyk was in regsdinge dat die regter/jurie 'n wit of swart klippie gebruik het om aan te dui 'n beskuldigde word vrygespreek (wit) of skuldig bevind (swart). Die wit klippie dui dus aan die ontvanger ontvang vrypraak van Jesus. Alternatiewelik word dit ook gesien as die toelatingskaartjie tot die bruilof van die Lam (kyk na Op 19:7-8 waar die bruilofsklere die toelatingsvereiste is tot die bruilofsmaal)
 - Naam: Hoekom 'n nuwe naam wat net die ontvanger ken?
 - Een interpretasie is dat elke oorwinnaar self 'n nuwe persoonlike naam ontvang. Dink aan die borsplaat van die hoëpriester met die twaalf stene daarop en die name van die twaalf stamme daarop gegraveer. Hierdie stene het God aan hulle herinner. Die idee is dus dat die nuwe naam ook God sal herinner aan hierdie persoon se nuwe status na die oorwinning behaal is. Boonop is daar voorbeelde in die Bybel van mense wat nuwe name ontvang het. Dink aan Abraham (Gen 17:5, vader van baie nasies) of Israel (met God geworstel en oorwin). Telkens dui die nuwe naam die nuwe rol/aard aan wat die persoon vervul in God se openbaringsplan. Of dink aan Jes 62:2 waar daar gesê word dat Israel 'n nuwe naam sal ontvang na hulle redding. Die oorwinnaars bereik ook 'n nuwe stadium in hulle lewens – hulle is nou in heerlijkheid en ontvang 'n nuwe naam wat hierby pas.
 - 'n Tweede interpretasie is dat hierdie nuwe naam Jesus se nuwe naam is. In Op 19:12 lees ons dat selfs Jesus so 'n nuwe naam sal ontvang wat net Hy ken. Kyk na Op 3:12b – waarna ons netnou

verder sal kyk. Daar word geredeneer as die manna na Jesus verwys, behoort die klippe dit ook te doen. Onthou verder dat daar op die tulband van die hoëpriester nog 'n inskrywing was: "Heilig aan die Here", en die gedagte is dat die oorwinnaars juis deur hulle verbondenheid met Jesus sal deel in Sy heiligheid, en daarom ook dieselfde nuwe naam as Hy sal hê.

Ek dink Hendriksen het 'n punt as hy vra: Of is hierdie twee opsies eintlik dieselfde – ons nuwe naam is Jesus se nuwe naam.

- Filadelfia:
 - Die eerste belofte is dat die oorwinnaar vir altyd 'n pilaar sal wees in die tempel van God. Ons het al dikwels oor die tema van die tempel gepraat. In die OT is dit God se woonplek onder die volk, in die NT is ons lewende stene in die tempel, en as jy in Op 21:22 lees dat daar in die hiernamaals nie 'n tempel is nie, is dit bloot omdat die gelowiges/oorwinnaars die tempel is. Of soos wat hier belowe word – hulle is pilare in hierdie tempel. 'n Pilaar is 'n permanente en essensiële deel van 'n gebou – daarsonder stort die gebou in een. Die oorwinnaars is die tempel van God – waar God woon.
 - Die tweede belofte is dat Jesus op die oorwinnaars die Naam van God self sal skryf. Duidelik is hulle God se eiendom – maar meer belangrik: Onthou die mens was van die begin af geskape na God se beeld. Wanneer hulle die oorwinning behaal is hulle voorwaar 'n getroue beeld van God, soveel so dat Hy Sy eie Naam op hulle laat skrywe.
 - Die derde belofte is dat hulle die Naam van God se stad, die Nuwe Jerusalem, ontvang. As jy Op 21:2 lees, is dit duidelik dat dit beteken hulle is Jesus se bruid – wat nou gaan aansit aan die bruilofsmaal.
 - Die vierde belofte is dat hulle ook nog Jesus se nuwe Naam ontvang – daardie nuwe naam wat net Hy ken volgens Op 19:12.
 - Op 14:1 bevestig dieselfde as ons lees dat die 144000 beide die Vader en die Lam se name op hulle voorkoppe sal hê. Ek dink die nuwe naam waarvan ons lees in die Pergamumbrief is dieselfde as al hierdie name.
 - Hoekom is daar die klem dat net die ontvanger die naam ken, en dat selfs Jesus net self Sy nuwe Naam ken? Twee opmerkings: 1. Soos met die manna, is daar steeds aspekte van Jesus en ook van die erfenis wat ons nie nou ten volle begryp nie, maar eers in die hiernamaals sal begryp. Daarom kan Jesus 'n Naam hê wat net Hy ken, en ons nie. 2. Daar is aspekte van die erfenis wat vir ons wag wat ons verstaan (hoe gebrekkig dit ookal mag wees), maar ongelowiges verstaan daar niks van nie. **Dit is net die wat hoor en luister en volhard tot die oorwinning wat dit ken.**

Is die gestoei in gemeentes nodig, en die moeite werd?

Kom ons keer nou terug na daardie vraag wat ons in die begin gevra het: Is die gestoei in die gemeentes nodig? En is dit die moeite werd?

Eerstens, is die gestoei in gemeentes nodig? Wel, ons moet nie tred verloor met die harde realiteite rondom ons nie. Die wêreld is steeds 'n sondegevalle wêreld vol sondaars. Baie mense is nie deel van die kerk nie. Selfs as jy na die kerk kyk, moet jy erken daar is lidmate wat nie eens hoor nie – hulle is net in naam daar. Van die wat hoor, luister en snap/verstaan almal nie. En boonop moet jy erken van die wat in die kerk is, wat hoor en luister en verstaan, is nie een volmaak nie. Duidelik is

dit nie die verwagting van die Verheerlikte Seun van die Mens van Sy liggaam nie. Gevolglik kan jy verwag dat Hy gaan optree. Hy wil dat daar voortdurende groei sal wees. Hy weet ook dat beproewings kweek volharding, en volgehoue volharding kweek geestelike rypheid sonder enige tekortkoming, en dit lei tot die ontvang van die kroon van die lewe – aldus Jakobus. Paulus beskryf dieselfde pad in Rom 5: swaarkry/stoei kweek volharding, volharding kweek egtheid van geloof, egtheid van geloof kweek hoop, en die hoop beskaam nie. Is die gestoei in gemeentes nodig? Ja.

Is die gestoei in die gemeentes die moeite werd? Die doel met die gestoei is dat mense deel van die kerk sal word. As hulle daar is, moet hulle leer om te hoor. Dan moet hulle leer om te luister. Dan moet hulle leer om te volhard – tot die dood toe, tot hulle geestelike rypheid bereik, tot hulle die oorwinning behaal, en dan ontvang hulle:

- Verborgte manna – hulle waardeer Jesus as die brood van die lewe wat hulle tot daar gebring het, en dan sien hulle Hom soos hulle Hom nog nie gesien het nie en hulle verlustig hulle opnuut in Hom!
- Spierwit klippe met 'n nuwe naam – hulle ontvang vryspraak van hulle tekortkominge as hulle daardie wit klippe ontvang. Maar die klippe is nie net wit nie, hulle ontvang 'n nuwe naam, 'n nuwe identiteit:
 - Hulle is 'n ewige pilaar in God se tempel – i.e. hulle is God se woning. God woon onder hulle, selfs in hulle.
 - Hulle is die Nuwe Jerusalem – i.e. hulle is die bruid van die Verheerlikte Seun van die Mens, daarom mag hulle aan Sy bruilofsmaal aansit.
 - Hulle ontvang die nuwe Naam van Jesus – want sien Hy is alreeds in heerlijkheid, maar dan deel hulle in Sy heerlijkheid, soos Hy in Joh 17:21-22 – “Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het. Die heerlijkheid wat U my gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos ons Een is”
 - Hulle ontvang die Naam van God. Uiteindelik is hulle voorwaar 'n waardige beeld van God – soos God dit van die begin af beplan het.

Is die gestoei die moeite werd? Jakobus het so gedink – hy sê “Ag dit louter vreugde”. Paulus het so gedink – hy sê “Ons verheug ons in ons swaarkry”. Ek is oortuig: In die ewigheid gaan ons ook so dink. Laat ons hoor en luister en volhard tot die dood toe!